

DIE NG KERK EN DIE EKONOMIESE ONTWIKKELING VAN ONS LANDE

1. INLEIDING

Die besinning oor die ekonomie, en veral die onderliggende waardes in ekonomiese sisteme, is nog altyd diepgaande beïnvloed deur die boodskap van die Bybel. Die Ou Testament tref bv. al in sy vroegste geskryfte omvattende ekonomiese maatreëls om die armes, weduwees en die vreemdelinge te beskerm. Die ekonomiese etos van ou Israel word ook reeds in die pentateug uitgespel. Dit sluit rus vir die aarde en ander ekologiese oorwegings, lenings aan jou naaste, die sorg vir mense en veel meer in. Die profete staan veral op teen uitbuiting en ekonomiese verontregting. Die Nuwe Testament praat herhaaldelik van “ekonomie”, in Grieks letterlik die “oikonomia tou theou”, die “ekonomie van God”. Die twee woorde oikos (huis) en nomos (wet, reëls, orde) beteken tesame “huishouding”. Godse ekonomie is die wyse waarop God sy huis onderhou en versorg. En dié “huishouding” omvat alles wat leef en is. Ons kry die beeld van God, in die Skrif, as die Groot Ekoonoom, wat sy omvattende, globale, kosmiese ekonomie van genade en verlossing uitvoer, uit sy ontfermende genade oor alles en almal. Dit is die evangelie, die goeie nuus van God se heilse ekonomie.

Die woord “ekonomie”, vanuit ’n teologiese perspektief, verwoord die wyse waarop mense in verhouding tot mekaar en God leef. Dit gaan oor die inkleding van die huishouding, die manier van leef en die reëls waarvoor onderling ooreengekom word. Vanuit ’n Christelike oogpunt het dit ten doel om billikheid teenoor die mees benadeeldes te beklemtoon. Dit het te make met God se huishouding en die bestuur daarvan. Dit gaan hier om ’n ander soort boekhouding, ’n ander soort rykdom en armoede, ’n ander soort ekonomie, as die een wat tans oorheers – een waarin mense, en die verhoudings tussen hulle, oneindig meer tel as wins en produktiwiteit.

In dié verband sou dan gesê kan word: die doel moet altyd ’n vrugbare ekonomie wees waar die bronne, moontlikhede en vaardighede wat God gee, gebruik word om die oikos, die huishouding en alles wat daarvan deel is, te dien tot eer van God en tot voordeel van mekaar. Dit gaan ten diepste om vir komende geslagte ’n beter wêreld na te laat, om groter geregtigheid en gelykheid tussen arm en ryk te bewerk, om sinergie te vind in die wyse waarop ons die huishouding van God bewerk en bewaar, om ’n beter kwaliteit van lewe vir arm en ryk te bevorder, om armoede te bestry en diens te lewer aan mense in hulle daaglikse bestaan.

Die NG Kerk is reeds daartoe verbind, op ten minste drie wyses, om ongelykheid aan te spreek. Eerstens is die **Seisoen van Menswaardigheid** gebaseer op die oortuiging dat die mens geskape is na die beeld en gelykenis van God. Elke persoon het ’n inherente en onmeetbare waarde en waardigheid; elke mens se lewe is heilig. Tweedens, as lid van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK), is die NG Kerk verbind om die wanbalanse in die land uit te daag deur ’n veldtog genaamd **"The South Africa we Pray For"**. Hierdie veldtog fokus op kwessies van genesing en versoening, armoede en ongelykheid, ekonomiese transformasie, gesinswaardes en die ankering van demokrasie. Die NG Kerk omhels derdens ook, sedert 2011, ’n **missionale ekklesiologie (kerkbegrip van gestuurdheid)**. ’n Dialoog met die ekonomie hang nou saam met die kerkbegrip van die kerk. ’n Missionale ekklesiologie gaan van die veronderstelling uit dat God ons nooi om deel te word van die lewegewende sending van die Drie-enige God en bemagtig ons om te getuig van God se droom van oorvloedige lewe vir alles en almal in die hemel en op aarde. Dit gaan hier om die hele huishouding van God.

2. DIE SUIDER-AFRIKA EN NAMIBIË WAARIN DIE NG KERK EN SY MENSE WOON

Suid-Afrikaners en Namibiërs word deurlopend gebombardeer met statistiek oor die ekonomiese situasie waarin ons ons bevind. Hulle sê dat 10% van die SA bevolking steeds meer as 50% van huishoudingsinkomste verdien. Hulle sê ook dat die armste 20% minder as 1.5% van die huishoudingsinkomste verdien. Hulle sê ook dat die werkloosheidsyfer gedurende die eerste kwartaal

van 2016 tot 27,6% gestyg het. 48% van die Suid-Afrikaanse bevolking is onder die ouderdom van 24. Soortgelyke statistieke geld in die Namibiese samelewing. Teen die huidige dalende koerse, kan werkloosheid later onbeheerbare kragte ontketen met katastrofiese gevolge vir ons ekonomies en dus ons almal se lewenskwaliteit. Dit is die soort inligting wat ons deurlopend van ekonome en sosioloë ontvang.

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het deur die loop van die vorige eeu 'n baie beduidende rol gespeel in die ondersteuning en hulp aan armes. Toe die Afrikanervolk swaar beproef was na die Anglo-Boereoorlog en die groot Spaanse griep wat honderde duisende lewens geëis het, was dit die NG Kerk, saam met die ACVV en die SA Vroue Federasie, wat verligting en hoop aan duisende families verleen het. Oor die laaste dekades was dit ook die NG Kerk, saam met ander vennote en met die agentskappe van die staat, wat welsynsdienste gelewer het aan gemeenskappe reg oor die breë spektrum van die Suider-Afrikaanse samelewing. Die NG Kerk en die Verenigende Gereformeerde Kerk van Suider-Afrika (VGKSA) het verlede jaar saam welsynsdienste aan meer as 1 miljoen mense gelewer teen 'n koste van R1,2 miljard. Bykans 10% van die land se totale bevolking is direk of indirek hierdeur bevoordeel. Tesame hiermee het ons lidmate uitgestyg in die gee van aalmoese, kos, komberse en skuilings.

Maar die bydrae van die kerk moet in 'n sin ook verreken word in terme van die rolle wat die lidmate van die kerk speel in die onderskeie betrekkinge en kapasiteite waarin hulle hulle inkomste verdien. Lidmate van die NG Kerk is werkgewers, makelaars, onderwysers, opleiers, nyweraars, boere, strategiese beplanners, professionele mense en werkers. Lidmate ondersteun mekaar in die vind van betekenis, om te droom, te weerstaan, om gawes aan te wend, te bemoedig, te versorg, om lief te hê, om leiding te gee, om te veg vir waarheid en geregtigheid, om te onderskei, om die Koninkryk van Christus te visualiseer. Christus leer vir ons om verantwoordelikheid vir mekaar en die samelewing te aanvaar. Hy het immers vir die armes en kwesbares, die randfigure en die wat sonder kos en heenkome was. Maar Hy het ook diegene in die samelewing wat oor mag beskik het, uitgedaag. Hy het opgestaan teen 'n sisteem waarin die gini-koeffisiënt enorm was. Hy het voorstelle gemaak oor nuwe waardes wat behoort te geld met die oog op die skep van 'n samelewing van geregtigheid.

Die kerk het daarom 'n verpligting om in navolging van Christus dieselfde te doen. Daar moet voortgegaan word met die welsynsverpligtinge en versorging van mense. Maar die kerk sal saam met ander ook moet kragte inspan om 'n koherente visie en strategie te onderskei wat die sosiale en ekonomiese dryfkragte van die samelewing identifiseer en benut met die oog op die skep van 'n samelewing waarin almal kan floreer. Die NG Kerk het sy sin van meerderwaardigheid prysgegee deur diensbaar te word aan die totale Suider-Afrikaanse samelewing. Ons het weer lid geword van plaaslike en internasionale ekumeniese liggame, in Suid-Afrika en Namibië. Ons het aangesluit by die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke se veldtog, "The South Africa We Pray For." Maar die NG kerk besef ook dat ons self ook maatreëls sal moet tref om ons eie rol te identifiseer en te speel. Op ons eie kan ons nie die ekonomiese werklikhede van Suider-Afrika verander nie. Maar die NG Kerk moet ten minste die bydraes maak wat hy kán maak en die roeping vervul wat God vir hóm het.

3. WAT HET DIE KERK IN DIE 20STE EEU GEDOEN?

Die kerk was reeds van baie vroeg in die 20ste eeu af betrokke by die sg. arm-blanke probleem. Die impak van verstedeliking, die groot griep-pandemie en talle ander faktore het miljoene mense arm en weerloos gelaat. In 1915 stig die Kaapse Sinode 'n Sinodale Kommissie vir Inwendige Sending wat in 1919 die Algemene Armesorg-kommissie word. Verskeie konferensies volg hierna om die probleem van blanke armoede aan te spreek. Talle oproepe vir 'n meer wetenskaplike ondersoek m.b.t. die armoedeprobleem het tot gevolg dat die Carnegie Instituut van New York wat Suid-Afrika in 1927 besoek het, oortuig word om sodanige ondersoek te loods en te finansier. Verteenwoordigers van die NG Kerk het saamgewerk aan die navorsing en opstel van die 5 volume Carnegieverslag.

Die verskyning van die Carnegieverslag in 1932 het gelei tot 'n versterkte verbintenis van die NG Kerk en ander organisasies om die armblankevraagstuk aan te spreek. Die volkskongres van 1934 in Kimberley het inderdaad 'n nuwe welsynsbedeling ingelei waarin onder meer die kerk en die staat in verhouding met mekaar getree het ten einde armoede te bestry. Die rol van die kerk in die bestryding

van armoede was baie effektief en betekenisvol. Sedertdien was daar geen twyfel meer nie dat die kerk inderdaad 'n leidende rol kan speel in die aanspreek van sosiale kwessies.

Intussen het baie water in die see geloop en die afskaffing van institusionele apartheid het blootgelê dat die bestryding van armoede deur die bevoordeling van een bevolkingsgroep tot reuse ongelykhede in die ekonomie bygedra het.

4. WATTER OPLOSSINGS BIED DIE NG KERK IN DIE 21STE EEU

Om te bepaal wat die bydrae van die kerk moet wees, sal lidmate landswyd betrek moet word by 'n gesprek oor die ekonomie. Die amp van die gelowige is immers die fokus van 'n missionale teologie. Die lidmate van die NG Kerk is baie goed toegerus om elkeen in eie kring en in terme van 'n eie roeping 'n reuse verskil te maak aan die lewenskwaliteit van mense. Dat daar egter saam (kollektief) besin en beplan moet word en dat saam beding moet word en kragte saamgesnoer moet word, kan nie betwyfel word nie. Dit is hoe die Here ons voorheen ruim gebruik het. Die onderskeidende vraag is dus: Hoe wil die Here ons in dekade twee van die 21ste eeu gebruik om mense se lewens te verryk en verruim sodat hulle kan floreer en Hom verheerlik?

Die Algemene Sinode is 'n beleidsinode. Nuwe weë word tans ondersoek om die beleidsbesluite van die Algemene Sinode meer insluitend te maak. Daarom het die moderamen besluit om 'n dialogiese proses te begin waarby almal wat wil deelneem, betrek word by die gesprek met die doel om uiteindelik 'n beleidsraamwerk te skep.

Die proses is ingelei deur eers 8 kundiges om 'n tafel in dialoog met mekaar te bring. Die bedoeling is nie om 'n bepaalde standpunt te bevorder nie, maar om die kontoere vir 'n breër dialoog te trek waaraan al ons lidmate kan deelneem.

Die gesprek het op 15 Augustus 2016 plaasgevind in die ouditorium van die SANLAM hoofgebou in Sandton. Die volgende ekonome het deelgeneem: dr Johan van Zyl, voorheen van UP en Uitvoerende Hoof van SANLAM en tans Uitvoerende Hoof van African Rainbow Capital, mnr Moeletsi Mbeki, 'n politieke analis, voorsitter van KMM Investments (Pty) Ltd, KMM Review Publishing (Pty) Ltd en talle ander maatskappye, mnr Dawie Klopper, 'n beleggingsekonoom en portfoliobestuurder by PSG Wealth, dr Renier Koegelenberg, besturende direkteur van die Cape Development and Dialogue Centre Trust en uitvoerende direkteur van die EFSA Instituut vir Teologiese en Interdissiplinêre Navorsing. Hy is ook die uitvoerende sekretaris van die Nasionale Godsdienstige Assosiasie vir Maatskaplike Ontwikkeling, prof Francis Wilson, vir die afgelope 40 jaar dosent en later hoof van die Besigheidsskool van die Universiteit Kaapstad, prof Stan du Plessis, dekaan van die Fakulteit Ekonomie en Bestuurswetenskappe aan die Universiteit van Stellenbosch, Rev Moss Nthla, 'n evangeliese leier en Algemene Sekretaris van die Evangelical Alliance of South Africa. Prof Piet Naudé, hoof van die Universiteit Stellenbosch se Bestuurskool en voormalige voorsitter van die NG Kerk in Oos-Kaapland het as gespreksfasiliteerder opgetree.

Baie goeie notas is geneem van die gesprek en wat hier volg is 'n oorhoofse samevatting van die inhoud en die menings wat die deelnemers toegedaan was.

5. DIE WAARDE VAN DIE GESPREK TUSSEN DIE AGT EKONOME

Piet Naudé (fasiliteerder) het inleidend gesê: “Die gesprek tussen ekonome en teoloë van die NG Kerk behoort lankal reeds op gang te gekom het.” Vir eeue is die kerk al besig om die simptome van armoede en ekonomiese ellende aan te spreek. Trouens, daar is min kerke wat so effektief en sistemies met armoede omgegaan het as juis die NG Kerk. Die gesprek tussen teologie en ekonomie is nou meer as ooit 'n prioriteit.

6. GLOBALE STRYD TEEN ARMOEDE

Stan du Plessis wys daarop dat die impak van die industriële revolusie op armoede in die wêreld baie groot is. Miljoene en miljoene mense is eenvoudig uit armoede gelig deur groeiende industrialisasie. Die Verenigde Nasies se milleniumdoelwitte is jare voor die teikentyd behaal. Die teiken bv. om ekstreme armoede te halveer is 5 jaar voor die 2015 doeltyd bereik. Meer as een biljoen mense is uit

ekstreme armoede gelig sedert 1990. In 1990 het bykans die helfte van die bevolking van ontwikkelende lande op minder as \$1,25 per dag geleef. Hierdie koers is verminder tot 14% in 2015. Wêreldwyd leef daar egter nog steeds 800 miljoen mense in ekstreme armoede.

7. "MIND THE GAP"

Die stand van ongelykheid in ekonomieë word internasionaal uitgedruk in terme van die gini-koeffisiënt. Op 'n skaal van 0 tot 1 is 0 absolute ekonomiese gelykheid van 'n hele bevolking. 1 is die grootste moontlike gaping tussen lede van 'n bevolking. Hoewel dit moeilik geverifieer kan word is die gini-koeffisiënt van SA in die omgewing van 0.7. Dit is 'n baie slegte syfer, trouens dit tel onder die slegste twee syfers van alle lande in die wêreld.

Maar daar moet ook in groter detail na hierdie syfer gekyk word. Indien die werkloses in Suid-Afrika buite rekening gelaat word en die gini-koeffisiënt slegs bereken word om die gaping tussen diegene wat wel werk se ekonomiese welstand bereken word, is die SA gini-koeffisiënt eintlik betreklik laag. Die hoë gini-koeffisiënt in SA is dus eerder 'n aanduiding van die hoë werkloosheid as van die slegte verskille in inkomste van diegene wat wel werk. Werkloosheid is en bly dus die grootste bydraer tot die groot ekonomiese ongelykheid tussen die mense van Suid-Afrika.

In Namibië word 11.5% van die BBP gegeneer uit mynbou. 50% van buitelandse valuta inkomste word ook deur die mynbou gegeneer. Dit is veral diamante en uraan wat Namibië voorsien van noodsaaklike buitelandse inkomste. Groot hoeveelhede sink en ander metale en edelgesteentes dra ook by tot uitvoere, maar die mynbou- industrie verskaf slegs werk aan 1,8% van die bevolking. Namibië voer jaarliks ongeveer 50% van sy behoefte aan graan van die buiteland in. Die gini-koeffisiënt is ± 0.6 . Die Namibiese ekonomie is baie sterk verbonde aan die Suid-Afrikaanse ekonomie. 30-40% van sy belastinge word bv. ontvang van die Suid-Afrikaanse Doelne Unie. Die Namibiese ekonomie is egter ook baie blootgestel aan die volatilititeit van die pryse van uraan en ander metale. Die werkloosheidsyfer word tans bereken op $\pm 28.3\%$.

8. DIE ROL VAN DIE STAAT EN DIE REGERING

Die regering het oor die afgelope dekades baie gedoen om die probleem aan te spreek. Meer as 16 miljoen Suid-Afrikaners kry maandeliks sosiale toelae. SA het meer gedoen om sosiale ongelykheid aan te spreek, as enige ander land in die wêreld, aldus Stan du Plessis. Dit is gedoen deur begrotingstoekennings en sosiale toelae. Die probleem van armoede is so op 'n radikale wyse aangespreek. Johan van Zyl meen daarbenewens dat die staatstoelae geen geringe rol gespeel het om ekonomiese groei aan te help nie. Instansies soos Capitec, Shoprite, Pep Stores en talle kleinsake ondernemings het gegroei as gevolg van die impetus van die inkomste van die laer inkomste groep in SA.

Maar daar is ook bedenkinge of dit op die langtermyn volhoubaar is. Die regering versprei die inkomste deur meer en meer belastingmaatreëls in te stel. Maar die vraag is hoe lank die gans wat die goue eiers lê dit nog kan oorleef. Sonder groei in die ekonomie en die uitwissing van werkloosheid kan die ekonomie uitgeput word. Daarom meen Van Zyl dat 'n multi-faset oplossing nodig is waarin daar nie net op die staat staagemaak kan word om die oplossings te bied nie. Die herverdeling van die ekonomiese koek van die land kan ook nie voldoende resultate lewer nie. Al sou al die rykdom van die 10% rykes verskuif kon word na die armste dele van die bevolking, sal dit nie 'n baie groot verskil maak aan die armoede situasie van die land in sy geheel nie.

In Namibië is die werkloosheidsyfer baie suksesvol van 37.6% in 2008 afbestuur na die huidige koerse. Die vooruitskattings na 2020-toe dui egter nie daarop dat hierdie skerp dalende tendens voortgesit sal kan word nie.

Die ekonome het in hulle gesprek grootliks vanuit 'n Suid-Afrikaanse perspektief na die gaping tussen ryk en arm gekyk. Alles dui egter daarop dat min of meer dieselfde onderliggende drywers van die gaping ook in Namibië aanwesig is.

Johan van Zyl sê dit is dikwels vir Suid-Afrikaanse maatskappye makliker om in die buiteland geld te maak as plaaslik. Daar is meer sekerheid en groei moontlik.

Dawie Klopper is van mening dat 'n tekort aan visionêre leierskap beslis deel vorm van Suid-Afrika se ekonomiese probleem. Die fokus op herverdeling eerder as ekonomiese groei, het slegte gevolge. Voeg hierby die mislukking van die opleidingstelsel, die hoë belastinglas op ekonomies-aktiewe mense, die korrupsie en dit is verstaanbaar dat daar nie vertrouwe by beleggers is om in die ekonomie te investeer nie.

Nelis Janse van Rensburg wys daarop dat die gebrek aan visie met betrekking tot die welsynsdienste in Suid-Afrika ook 'n ekonomiese faktor is. Die gee van toelae help miljoene mense om te kan eet, maar ongelukkig veroorsaak die groot fokus op toelae dat ander noodsaaklike welsynsdienste nie meer so goed gefinansier word nie. Daar is 'n tekort van 50 000 maatskaplike werkers in die land. Hulle is die persone wat veral verantwoordelik is vir die versorging van die kinders van die land. Die gebrekkige versorging en beskerming van voorskoolse kinders het baie nadelige implikasies vir die kwaliteit van onderwys en die deurgangsyfer in skole. Dit het direkte implikasies vir die ongelykhede tussen mense.

Stan du Plessis meen dat die regering se gebrek aan samewerking met die besigheidsektor 'n groot kwessie is. Semi-staat instellings soos Eskom se monopolie word beskerm ten koste van ander energie inisiatiewe.

9. VERMORSING VAN STAATSFONDSE

Dawie Klopper meen dat die mors van staatsfondse 'n reuse uitdaging bied. Die wyse waarop die regering onder meer die semi-staat instellings bestuur, dra beslis nie by tot die groei van die ekonomie of beter bestuur van die staatskas nie. Johan van Zyl meen egter dat dit nie veel sal help om net die regering te blameer omdat hulle te veel geld mors nie. Hy meen dat as jy 85% effektiwiteit kan bereik met spandering, jy eintlik goed doen. Die staat behoort ten minste 65% in sleutel- of prioriteitsareas soos opleiding en infra-struktuurontwikkeling te behaal. Maar, meen hy, ons moet ons nie so blindstaar teen die staat se finansiële bestuursprobleme dat ons nie kreatief kan kyk na wat gedoen moet word nie.

10. KAN ONGELYKHEID UITGEROEI WORD?

Die vraag is uiteindelik of ekonomiese ongelykheid regtig uitgeroei kan word. Johan van Zyl meen dat ongelykheid inherent aan enige samelewing is. Prestasiegedrewe samelewings skep ongelykheid. Trouens, ideologiese gedrewe pogings om ongelykheid uit te wis, eindig gewoonlik in 'n gelykheid van ellende. En uitstaande prestasie word nie daardeur bevorder nie. Die strewe van die samelewing moet eerder wees om "equity" of billikheid te bevorder, as om die onhaalbare ideaal van ekonomiese gelykheid na te jaag.

Stan du Plessis meen ook dat ongelykheid 'n gegewe is. Daar is inderdaad 'n reuse verskil in die ekonomiese vermoë van Bill Gates en 'n professor. Dit beteken nie dat beide nie 'n kwaliteit lewe kan geniet nie. Ongelykheid as sodanig is dus nie die probleem nie, maar armoede.

11. WAT IS DIE GEVOLGE VAN ONGELYKHEID?

Du Plessis sê daar is talle vorme van ongelykheid en armoede wat onaanvaarbaar is bv. 'n potensiële student wat in alle opsigte kwalifiseer, maar vanweë finansiële beperkinge nie toegang tot studiekeleenthede het nie. Die aard van ons geskiedenis het uitbuiting en onreg sodanig bevorder dat dit moeilik is om nou daaraan te ontkom.

Die gevolg van hierdie soort ongelykheid is voortgesette armoede.

Hiermee stem Moss Nthla saam. Sy eie lewensverhaal is 'n voorbeeld van die gevolge van strukturele ongelykheid. Hy wou 'n ingenieur word, maar geen swartmense is destyds tot die Universiteit van die Witwatersrand toegelaat nie, behalwe as die minister uitdruklike toestemming daartoe verleen het. Uiteindelik moes hy na die Universiteit van die Noorde gaan om te studeer. Hier ontvang hy sy roeping om die kerklike bediening te betree. Later kry hy die geleentheid om by Wits te doseer waar hy baie jongmense ontmoet wie se punte goed genoeg is, maar nie oor die finansiële middele beskik om te studeer nie. Hoewel die beleid van die regering verander het en mense toegang het tot universiteite en opleidingsinstellings, kan die armes nie uit die armoedesiklus breek deur geleerdheid te bekom nie.

vanweë die hoë koste daaraan verbonde. #Feesmustfall is maar net 'n simptoom hiervan. Jong swart mense sê gewoon "as ons uitgesluit is van die vliegtuig, sal ons eerder keer dat dit opstyg." "We now have a reality where through 'state capture' the political elite is being served, and the poor has been forgotten." Moss Nthla.

Moss Nthla het ook 'n baie belangrike punt oor die posisie van blankes in SA. 'n Pastoor het vir hom gesê witmense besit meer omdat hulle daarvoor gewerk het. Tog meen hy die feit dat witmense vir baie lank in die magposisies was en voorkeur keuses kon uitoefen en van swart arbeid gebruik kon maak, hulle onteenseglik bevoordeel het sodat hulle vandag per capita heelwat meer te besit as swart mense.

Hy sê ook dat die land se opleidingsbegroting per capita die grootste is, maar die prestasie is van die laagste. 62% van die land se kinders word groot in enkel-ouer huise. Familiewaardes is geërodeer. Hierin het trekarbeid 'n groot rol gespeel. Vroue word ook nie voldoende bemagtig nie.

Die metafoor word dikwels gebruik dat almal in SA aan dieselfde resies deelneem. Die politieke verandering van 1994 het dit vir almal moontlik gemaak om deel te neem, maar almal spring steeds nie by dieselfde wegspringstreep weg nie.

Francis Wilson is oortuig dat ongelykhede menslike gemeenskap saboteur. Ongelykheid is baie meer as wat deur die gini-koefisiënt aangedui word. Armoede en ongelykheid het baie gesigte bv. die verskil tussen die hoeveelheid krane wat een huishouding in hulle woonhuis het, in vergelyking met die hoeveelheid krane wat 'n hele gemeenskap tot sy beskikking het. Dit is hierdie werklikhede wat ongelykheid 'n faktor maak in die stabiliteit van 'n samelewing. Armoede is gelyk aan eksistensiële onsekerheid- om nie te weet waar jou volgende bord kos vandaan kom nie, maak mense onomwonde onstabiel. Om hierdie onsekerheid te beleef in 'n omgewing waarin ander floreer, maak totale gemeenskappe onstabiel. Mense voel betekenisloos en sonder hoop.

Francis Wilson wys ook op die vernietigende effek wat trekarbeid op die ekonomie en familiestrukture van mense gehad het. Spandering is gefokus op die stede waar al die ekonomiese aktiwiteit gesentreer was. Die gebiede in die platteland waarvandaan die werkende mans na die stad getrek het, het onontwikkelde gebly. Dieselfde sisteem wat voorspoed geskep het, het ook armoede op ander plekke tot gevolg gehad.

Renier Koegelenberg sluit by Wilson aan en meen dat die uitdaging aan die besigheidsektor nie sosiale kwesies mag uitsluit nie. Goeie ekonomiese beleid moet geïntegreer word met goeie sosiale beleid. Jy kan nie net met 'n ekonomiese beleid alleen uit die situasie kom waarin ons ons bevind nie. Die sosiale dilemma's in ons samelewing is 100% verwant aan die ekonomiese gaping tussen ryk en arm.

12. 'N TEORIE OOR POLITIEKE EN SISTEMIESE PROBLEME IN DIE EKONOMIE

Moeletsi Mbeki meen dat armoede 'n manifestasie is van die gebrek aan politieke mag. Die verband tussen politieke mag en die besit van eiendom en kapitaal is 'n baie belangrike faktor wat nie onderskat moet word nie.

Die "mielie en goud-alliansie" het in die 20ste eeu die groei van die rykdom van diegene wat landbougrond en myne besit het, verseker. Trouens dié alliansie was die dryfkrag agter die geweldige ontwikkeling van infrastruktuur soos paaie, spoorweë, en hawens. Dit is verseker deur 'n koalisie van eienaars van eiendom en kapitaal.

Maar op 28 April 1994 het die eienaars van eiendom en kapitaal politieke mag verloor. Die nuwe politieke maghebbers het nie oor eiendom en kapitaal beskik nie. Nuwe soorte koalisisies is nou gevorm nl tussen die bevrydingsparty en die staatsdiens, georganiseerde arbeid, die swart middelklas en die burgerlike samelewing. Die mag wat gepaard gaan met eiendom en kapitaal is oorgedra na die opkomende swart elite, maar hulle het veral ryk geword uit hulle verdienste aan staatsdienssalarisse en ander voordele. Instrumente soos die uitbreiding van die staatsdiens, swart ekonomiese bemagtiging, groot salarisse en regstellende aksie is deur die nuwe koalisie gebruik om kapitaal te laat vloei na die nuwe eienaars van mag. Politieke mag is ingespan om kapitaal te bekom. Die probleem is dat werkloosheid in die proses vergroot is omdat kapitaal nie spandeer is aan die vergroting van infrastruktuur met gepaardgaande werkskepping nie.

Daar het nou 5 sosiale klasse in SA ontwikkel naamlik:

1. die ekonomiese en politieke elite (met 'n inkomste van meer as R60 000 p.m.) Hulle is 105036 mense of 0.44% van die bevolking bo 15 jr.
2. die middelklas bestaande uit die politici en staatsdienswerknemers (met inkomste van R20 000+ p.m.) Hulle is 2310486 in getal of 9.79% van die bevolking bo 15jr.
3. Blouboordjie mynwerkers. Hulle is 9005 460 of 38.15% van die bevolking bo 15jr.
4. Die onderklas het basies geen werk nie. Hulle is 11 753 mense of 49.79% van die bevolking bo 15jr.
5. Onafhanklike professionele mense (dokters, ingenieurs, ens.) Hulle is 431 517 mense oftewel 1.83% van die bevolking bo 15jr.

Getalle is bereken op 2014 statistiek.

Hierdie struktuur van die samelwing is nie volhoubaar nie. **Die twee groepe wat dus moet terugkeer na politieke magsposisies is die onderklas en die eienaars van eiendom.**

Ons moet maniere vind om die dichotomie tussen die eienaars van kapitaal en die werklose onderklas op te hef. Dit is nodig ter wille van stabiliteit en groei. Van die belangrikste bydraers hiertoe sal verblyfreg en eiendomsreg wees.

Maar Mbeki gee ook 'n ander perspektief op hierdie werklikheid. Hy sê dat die regering se voorgestelde wetgewing oor die onteiening van eiendom 'n groot bedreiging vir die ekonomie inhou. Sonder eiendomsreg sal daar geen investering wees nie. Die Bantustangronde wat deur die staat besit word, is 'n seker bewys hiervan. Dit lok geen beleggers nie. Die gevolg is dat armoede daar op die felste is.

Mbeki lê groot klem op die beskerming van eiendomsreg. Sonder die beskerming van eiendomsreg sal daar geen investering en geen groei wees nie.

13. EKONOMIESE EN POLITIEKE OPLOSSINGS

13.1 OU KATEGORIALE DENKE DEUG NIE MEER NIE

Die gesprek oor oplossings kan nie maar net weer verval in die ou kategorieë van sosialisme vs kapitalisme nie. Nie een van die twee bedelings het die volledige antwoord nie. Tog is die soort oplossings wat die ACCRA-verklaring bied nie die antwoord vir die kompleksiteit van armoede nie. Om bloot die "empire" en kapitalistiese mag te wil vernietig, sal ons nêrens bring nie. Dit is retoriek wat elders gewild mag wees, maar nie rekening hou met die soort kragte wat armoede werklik volhoubaar kan aanspreek nie.

Aan die anderkant is dit ook duidelik dat die ou idee van 'n vryemark ekonomie waarin enige ander verantwoordelikheid as om vir die aandeelhouers van 'n maatskappy so veel as moontlik wins te maak, ook nie stand kan hou nie. Daar is inderdaad 'n globale tendens waarin maatskappye erken dat daar meer belanghebbers in 'n maatskappy as die aandeelhouers is. Die werkers, die gemeenskap waar die maatskappy se werksaamhede geskied, asook die mense in die voedingsfeer van werknemers van die maatskappy, is almal belanghebbers en het 'n aanspraak om te deel in die voorspoed wat die maatskappy genereer.

13.2 MULTI FASET OPLOSSINGS

Johan van Zyl meen dat alle sektore sal moet saamwerk met die oog op volhoubare ekonomiese oplossings en die aanspreek van ekonomiese ongelykheid. Ekonomiese groei is 'n voorvereiste vir die aanspreek van die armoedeprobleem. Die koek moet groter kom. En ekonomiese groei moet vertaal in werkskepping. Hiervoor sal die effektiwiteit van opleiding in SA moet verbeter.

Dawie Klopper stem saam dat werkskepping en opleiding die sleutels is vir die hantering van die armoede probleem. Prof Stan du Plessis voel so sterk oor die verbetering van die skoolstelsel dat hy reken dat die 500 swakste skole gesluit moet word. Dit sal die ander skole laat harder werk.

Stan du Plessis meen dat markte plekke van gedesentraliseerde samewerking is. Ons het hulle nodig. Maar ons het ook sentrale beplanning nodig. Markte sonder ekonomiese beplanning is nie voldoende nie. Die tendens in die wêreld is dat spesialisasie in betrekkinge toeneem. Hoe meer gespesialiseerde mense se werk raak, hoe meer produktief raak hulle en hoe meer inter-afhanklik raak hulle van ander. Daarom is daar al meer behoefte aan die koördinering van die aktiwiteite in die mark.

Johan Van Zyl meen dat die mobilisering van die burgerlike samelewing van groot belang is. Meer geld moet aan nie-regeringsorganisasies beskikbaar gestel word om hulle werk te doen. Daar is baie spesifieke werkpunte wat die effektiwste deur die burgerlike samelewing gehanteer kan word. Dit gaan nou oor die beskerming van die geleentheid wat daar nou is. 'n Groei koers van 3% is nou amper 'n minimumvereiste. Maar dit sal tot ten minste 4.5% moet groei om 'n verskil te maak.

13.3 INVESTERING IN MENSLIKE KAPITAAL

Francis Wilson is dit eens dat ons investering in menslike kapitaal nodig het. Verpligte onderwys vir swart kinders het in die Vrystaat eers 100 jaar later as vir wit kinders ingetree. Hy meen dat ons twee gelyktydige benaderings nodig het om die probleem van ekonomiese ongelykheid op te los. Die sg. "top down" benadering verwys na die rol van die regering om beleide, infrastruktuur en programme in plek te hê met die oog op armoedeverligting. Die "bottom-up" benadering behels "omgee-netwerke" van nie-regeringsorganisasies en kerke wat reageer op die behoeftes van plaaslike gemeenskappe. Johan van Zyl stem beslis saam dat die kerke 'n baie groot bydrae in laasgenoemde benadering kan maak.

Wilson meen dat die opleiding van mense in vaardighede, in die werkplek, verder uitgebrei moet word. Mercedes in Duitsland is hiervan 'n goeie voorbeeld. Waar die plaaslike regering misluk, moet die geboue van kerke gebruik word vir klinieke en opleiding.

Francis Wilson meen die koste van sonenergie het die laaste 25jaar met 80% gedaal. Die verskaffing van sonenergie aan elke landelike huishouding is nou noodsaaklik. Die ontwikkeling van vaardighede in hierdie veld, kan 'n groot ekonomiese inspuiting beteken. Transkei kan 'n plek word wat energie uitvoer.

Dawie Klopper meen die skep van vertroue in die land is ook 'n groot faktor. Die politieke leierskap skep eenvoudig nie genoeg vertroue vir investering nie. Verder is tegnologiese vooruitgang, robotika en al meer gespesialiseerde werk 'n uitdaging met die oog op werkskepping. Hoe meer geïndustrialiseer en gedigitaliseer die samelewing raak, hoe moeiliker gaan dit raak om vir almal werk te skep.

14. DIE ROL VAN DIE KERK

Al die deelnemers aan die gesprek meen dat die kerk 'n reuse rol het om te speel in die herstel van die land en spesifiek met betrekking tot die ekonomie.

14.1 DIE MENSWAARDIGHEID VAN MENSE- MENSE WAT FLOREER

Renier Koegelenberg meen ongelykheid is nie altyd sleg vir ekonomiese groei nie, maar uit 'n kerklike perspektief gesien is dit voortdurend sleg vir mense se menswaardigheid. Alle mense is immers geskape na die beeld van God. Groot ekonomiese ongelykheid negeer die God-gegewe waardebesef van alle mense en hulle moontlikhede om te floreer (blom).

14.2 'N VOORKEUOPSIE VIR DIE ARMES

Die Christelike visie vir die gemeenskap is gebaseer op medelye en 'n ywer vir geregtigheid. Christene maak 'n voorkeurkeuse om by armes te staan. Deur "advocacy" en 'n profetiese getuieis daag christene onreg uit. Christene bou konkrete vennootskappe en ontwikkel gemeenskapsontwikkelingsprogramme om die negatiewe effek van die dominante ekonomiese sisteem aan te spreek, wanneer mense uitgesluit word van betekenisvolle deelname aan die ekonomie en inkomstegenererende aktiwiteite.

14.3 RENTMEESTERS

Kerke het ryk en arm lidmate (hoogsgeskoolde eksperts en werklose ongeskoolde werkers). Christene is geroep om brûe te bou wat die gemeenskaplike goed tussen mense bevoordeel. Ons is slegs rentmeesters van die goed wat ons ontvang het deur die talente wat God aan ons gegee het, insluitende die vermoë om harder en slimmer te werk om ons rykdom te vergroot.

14.4 AGTERSTANDE

Een van ons grootste uitdagings bly dat die meerderheid van swart mense steeds vasgevang is in die siklus van armoede na die oorgang na demokrasie. Hulle het in baie gevalle alle hoop verloor. Hooploosheid en die gebrek aan opleiding en werksgeleenthede, vernietig menswaardigheid. Ons moet vennootskappe en vertrouwe bou. Kerklike netwerke is sterk genoeg om koördinerende en samewerking te bewerk met groot maatskappelijke impakte.

14.5 'N KERK WAT NABY AAN DIE MENSE IS EN ONDERRIG GEE

Moeletsi Mbeki meen dat die kerk naby aan die mense is en dit hom in 'n baie goeie posisie plaas om 'n verskil te maak. Verder word die kerk deur die arm mense vertrou. Die kerk kan hierdie twee sterkpunte gebruik. Predikante kan onderrig gee. Hulle is dikwels die enigste geleerdes in 'n gemeenskap. In Zimbabwe bv. is vroue gehelp met naaimasjiene om skooluniforms te maak. Die kerk moet die gemeenskap ondersteun met projekte waarmee hulle eintlik reeds mee besig is, bv hoenderboerdery.

14.6 ERVARING UIT DIE VERLEDE

Die ervaring van die NG Kerk oor die vorige dekades is baie belangrik. Die boerderygemeenskap beskik bv oor reuse kundigheid en internasionale konneksies. Die landbougemeenskap kan 'n reuse rol speel in die vergroting van die kundigheid in SA en die konneksie met internasionale markte.

14.7 "BOTTOM-UP"

Johan van Zyl meen dat daar nie net een oplossing is vir die ekonomiese probleme van ons land nie. Ons kan nie op die regering alleen staatmaak nie. Die regering, besigheidsektor en die burgerlike gemeenskap moet hande vat. Die kerk as deel van die burgerlike gemeenskap moet in baie gevalle 'n leidende rol speel. Die "bottom-up" proses is net so nodig soos die "top down" proses. Eersgenoemde gaan hoofsaaklik oor die spandering aan sosiale kapitaal van ons land.

Stan du Plessis meen dat die "bottom-up" rol van die NG Kerk inderdaad 'n verskil kan maak. Ontwikkeling is 'n proses waarin die samelewing deur die samelewing verander word. Ongelukkig vergroot die opleidingstelsels in SA die ekonomiese gaping. Baie arm kinders kan nie baat vind by die skool curriculum nie, terwyl bevoorregtes baie daarby baat. Die kerk kan hierin 'n groot rol speel om kinders se toegang tot leerinhoud te vergroot.

Francis Wilson meen dat die NG Kerk in 'n swak en sterk posisie is. Sterk omdat mense wil weet hoe die NG Kerk in die verlede armoede aangespreek het. Maar die kerk is ook swak omdat hy dit nie meer alleen kan doen nie. Daarom pleit hy dat die kerk ekumenies vorentoe gaan.

Moss Nthla meen die NG Kerk kan 'n groot rol speel omdat sy lidmate baie kapitaalkragtig is en baie werk verskaf. Maar dan moet die NG Kerk lidmate nie die eerste wees wat rem trap as dit by swart ekonomiese bemagtiging kom nie.

14.8 HOU DIE STAAT VERANTWOORDBAAR

Dawie Klopper meen dat die kerk die staat verantwoordbaar moet hou ten opsigte van staatsbesteding. As die geld wat nie goed aangewend word nie, aan onderwys en opleiding bestee word, kan dit reeds baie beter gaan. Die kerk beskik oor uitstekende leierskap om juis hierdie profetiese rol te speel.

14.9 'N GROTER SIN VIR ONS LOTSVERBONDENHEID

Nelis Janse van Rensburg meen dat die gebrek aan 'n sterker sin vir gemeenskap in SA jammer is. Daar is nie meer 'n verenigende duidelik omskrewe nasionale strewe nie. Die kerk moet 'n sterk sin vir ons lotsverbondenheid bevorder. As die kohesie in die samelewing versterk word, gaan die verbondenheid aan gemeenskaplike waardes beslis daarby baat. Die kerk het beslis 'n reuse rol om te speel om die onderlinge verbondenheid te versterk deur versoening en gesamentlike afhanklikheid van God te verkondig, te praktiseer en te beliggaam.

14.10 VENNOOTSKAPPE

Die kerk sal moet hande vat met besigheid om te investeer in sosiale kapitaal. Hiermee kan daar groot bydraes gemaak word op die vlak van vroeë-kind-ontwikkeling en onderwys en opleiding.

Elize Bezuidenhout meen dat ekonomiese groei deur onderwys en opleiding die antwoord is vir SA se probleme. Waar skole gehelp is, dikwels deur privaat instansies, is die slaagsyfer verhoog na 100%. Die NG Kerk het 'n geskiedenis van opleiding. Dit is steeds waar die kerk se sterkpunt lê en sy grootste bydrae moontlikhede is.

Renier Koegelenberg sê die welsynswerk wat die kerk doen, sal toenemend in vennootskap moet tree met die besigheidswêreld en diegene buite die regering wat in sosiale kapitaal wil investeer. Een van die kerk se belangrikste bates is sy baie geboue wat benut kan word vir klinieke, skole, huise van veiligheid, pastorale dienste, ens.

'n Groot deel van Duitsland se suksesvolle ekonomiese heropbou na die WOII was aan die kerk te danke. Konrad Adenauer het die Duitse kerke gevra om te help. Duitsland se nasionale ontwikkelingsforum het al die groot sektore insgesluit soos kerke, nie-regeringsorganisasies, vakbonde en besigheid. Kundigheid uit alle sektore is gepoel met die oog op die groei en ontwikkeling van die mense van die land.

14.11 GEE OPLEIDING

Stan du Plessis is ook oortuig van die kerk se vermoë om opleiding te gee. Kennis is dikwels plaaslik gesetel. Plaaslike bronne moet benut word om oor grense te beweeg en steun te verleen aan sukkelende gemeenskapsinstansies. Die uitdaging is dan om werklike vennootskappe te skep, waarin daar diepgaande oorleg en 'n verbintenis is om saam 'n verskil te maak. Die kerk moet nie op sy eie die hulp aanbied nie, maar saam met ander gemeenskappe die behoeftes en die nood identifiseer en die oplossings probeer vind.

Predikante sal ook opgelei moet word om as fasiliteerders in gemeenskappe op te tree sodat die kreatiewe kragte in gemeenskappe ontsluit kan word.

14.12 GEMEENSKAPLIKE WAARDES

Moeletsi Mbeki meen dat ons 'n aantal gemeenskaplike waardes vir ons land moet karteer. Die dominante waarde van baie mense is: "It is our time to eat." Dit is die dominante dryfveer van die politieke elite. Hierdie waarde moet verander word na: "It is our time to build." Die ironie is dat die nyweraars 'n sterker gewete het as die politici. Eersgenoemde wil die land maak werk. Laasgenoemde kyk na eie belang.

14.13 LEIERSKAP EN 'N PROFETIESE STEM

Die land het 'n sterk profetiese stem nodig. Die NG kerk beskik oor sterk leiers wat benut moet word. Die NG Kerk moet ook leiding neem met die interaksie tussen leiers en instansies. Die kerk se energie moenie geïnvesteer word om die regering te oorreed om 'n verskil te maak nie. Energie moet eerder spandeer word in sosiale kapitaal sodat mense begelei kan word om plaaslik produkte te vervaardig soos skoene, klere, kos, ens. Die spandering van geld aan plaaslike produkte moet ten sterkste aangemoedig word. "Waarom moet die armes van belastinggeld voorsien word om Amerikaanse hoender te koop?" Moeletsi Mbeki

14.14 EKUMENISITEIT

Moss Nthla sê die NG Kerk beskik oor baie kapasiteit in vergelyking met ander kerke. Die NG Kerk kan egter net saam met ander kerke 'n verskil maak. Die NG Kerk moet sy lesse van die verlede met die ekumeniese kerk deel. Die lesse oor die verhouding tussen kerk en staat is veral belangrik. Die verkryging van sosiale kapitaal en die besteding daarvan vanuit die ekumeniese kerk kan 'n groot impak maak, en ook bydra tot versoening in die samelewing. Projekte soos die 16 Junie saamtrek in Orlando het reeds gewys dat ekumeniese samewerking suksesvol kan wees.

14.15 'N NEDERIGE KERK

Francis Wilson meen dat die NG Kerk se geskiedenis met apartheid die kerk nederig genoeg maak om diensbaar te wees, al is dit sterk. Hy meen die kerk kan veral by plattelandse skole 'n groot verskil maak. Die kerk en besigheid het al in die platteland by skole betrokke geraak en fasiliteite en dienste geskep sodat daar ordentlike klaskamers, 'n middagkliniek en 'n polisiestasie in die aand vanuit dieselfde gebou en ruimte voorsien is. Die blanke gemeenskap is onbewus van hoe gelukkig dit was om so relatief gemaklik uit apartheid te kom. Dit is nou die tyd om uit eie beweging by te dra tot die heropbou van die land.

14.16 DIE KERK IN PLAASLIKE KONTEKSTE

Nelis Janse van Rensburg meen dat die kerk nie net sal kan voortgaan met die gee van aalmoese nie. Die uitdaging van die kerk, d.w.s. lidmate, is om kreatief betrokke te raak by die ekonomiese werklikhede in plaaslike kontekste sodat meer mense kan floreer en ontwikkel tot selfstandige landsburgers en agente word van groei en versorging.

14.7 DIE NASIONALE GRONDWET

Piet Naudé sê ons moet die waardes van die nasionale grondwet vertaal in ekonomiese praktyk.

15. NABETRAGTING DEUR DIE KERKLUI

Die leraars en lidmate wat die gesprek tussen die ekonome bygewoon het, het onder leiding van Renier Koegelenberg vergader om oor die uitkomst van die ekonomiese gesprek te besin. Die volgende is aangeteken:

1. Die ekonome se verwagtinge van die rol van die NG Kerk in die heropbou van die lande se ekonomieë is verrassend hoog.
2. Sonder ekonomiese groei sal armoede nie verlig word nie. Herverdeling alleen sal niks bereik nie.
3. Ongelykheid tussen mense maak gemeenskap onmoontlik. Sonder sosiale kohesie bly ons op 'n pad van konflik.
4. Die kerk se bydrae kan nooit wees op grond van dwang of skuldgevoel nie, maar word gemotiveer vanuit die Evangelie van Jesus Christus.
5. 'n Missionale teologie is gefokus op die florerende van mense. Die Evangelie is die goeie nuus van 'n alternatiewe lewe in Christus waarin daar in alle omstandighede met hoop geleef kan word.
6. Gemeentes wat effektief in die plaaslike gemeenskap funksioneer en bydra tot die daaglikse welstand van mense, is gemeentes wat groei.
7. Teologiese opleiding sal sterker moet fokus op die rol van die predikant as gemeenskapsontwikkelaar en sosiale fasiliteerder. Dit hang ten nouste saam met ons missionale teologie.
8. Die NG Kerk sal moet leer om ekumenies te funksioneer. Dit is van die belangrikste maniere hoe grense oorgesteek kan word na ander gemeenskappe.
9. Die NG Kerk sal met groot nederigheid en leerbaarheid diensbaarheid moet beoefen. Daar is nie meer plek vir paternalisme.
10. Die NG Kerk sal 'n koherente visie moet ontwikkel en op die "bottom up" wyse moet bydra tot die ontwikkeling van die land. Energie kan verspeel word om die regering die heeltyd te wys op sy "top down"-verantwoordelikheid.
11. Die Seisoen van Menswaardigheid is van kritiese belang vir die aanleer van vaardighede om na mense te luister, hulle te omarm en aan hulle respek te betoon.

12. 'n Fokus op vroeë-kind-ontwikkeling is baie toepaslik vir die kerk. Kinders wat sterk en gesond in die skoolsisteem inkom, is van onskatbare waarde vir die toekoms van die land.
13. Onderwys en opleiding aan jongmense en werkloses is ook baie toepaslik vir die kerk. Die kerk beskik oor vrywillige kundiges en fasiliteite. Programme moet ontwikkel word, asook vaardighede, sodat hierdie energie in gemeenskappe ontsluit kan word. Dit moet egter in samewerking met die ekumeniese kerk geskied.
14. Vennootskappe met groot werkgewers soos myne en industrieë kan gesluit word met die oog op die aanbied van programme.
15. Praktiese eendagkursusse vir leraars van die NG en VG Kerk kan baie help om noodsaaklike toerusting te verskaf.
16. Die kerk is ook baie goed geposisioneer om nasionale gesondheidsprogramme op plaaslike vlak te bevorder en aan te bied. Dit bied uitstekende geleenthede vir samewerking.
17. Evaluering van dit wat die kerk reeds doen, is van groot belang.
18. Gemeentes moet praat oor die plaaslike bates en geleenthede met die oog op dienslewering.
19. Gemeentes sal baie hard moet werk aan verhoudings en versoening in die gemeenskappe waarin hulle leef.
20. Die kerk sal baie hard moet werk aan die vorming van waardes en die stig van gemeenskap met mede-Suid-Afrikaners.
21. Gemeentes moet by Christus self hoor waar Hy hulle roep om 'n verskil te maak. Hierdie onderskeiding moet liefsaam met ekumeniese vriende gedoen word.
22. Gelowiges wat swaar belaaie is met emosionele bagasie uit die verlede, soos die wonde van die grensoorlog, sal gehelp moet word om nuut te dink oor die lewe en samelewing.